Woensdag 13 Mei
Skrifgedeelte: Johannes 14:1-14
Fokusgedeelte: Johannes 14:1-3
Jesus se weggaan vul die hede met Hom!

Die hele lewe is eintlik maar 'n permanente afskeid, totdat ons uiteindelik moet afskeid neem van die lewe self. Natuurlik bring elke afskeid sy eie stukkie ontsteltenis mee, die dood die meeste! So is die dissipels hier ontsteld oor Jesus se weggaan.

Sy weggaan is egter uniek, totaal anders as enige ander weggaan! Hy gaan juis in ons belang weg. Hy is in die hemel vir ons beswil, om vir ons 'n ewige tuiste gereed te maak. Verder, Hy gaan weg sodat Hy weer kan terugkom om ons te neem waar Hy is – in die heerlike teenwoordigheid van die Vader. Dit beteken nie dat die tyd tot dán bloot 'n wagtyd, 'n "leë" tyd in onrustige onsekerheid is nie. Dit is geloofstyd! Sy weggaan gee sin en betekenis aan hierdie tussentyd, vir dié wat in Hom glo! Geloof laat ons nou al iets beleef van die teenwoordigheid van God.

Hou daarom jou geloofsoog gevestig op Hom – die weg, die waarheid en die lewe. Daar is dus nie regtig 'n afskeid nie, geen rede tot ontsteltenis nie, eerder 'n hede gevul met Hom, met 'n afwagting op sy (terug)koms en met onverskrokke aksie as getuies van Hom, die enigste weg na die Vader!

*Sing: Psalm 84-1:2*

*Ds. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*